WYNLAND WATERGEBRUIKSVERENIGING

Notule van ‘n Algemene Jaarvergadering gehou by Stellenbosch Gholfklub op 9 Desember 2022 om 10:00.

VERWELKOMING

Die nuut verkose Voorsitter, **Mnr Piet Carinus** heet al die lede teenwoordig welkom. Mnr Carinus noem dat dit ons eerste Jaarvergadering is sedert 2019 weens die impak van die Covid-19 pandemie. Hy heet dan ook in besonder vir mnr Frans Weilbach van PwC en mnr Derril Daniels van die Departement Water en Sanitasie welkom.

VERSKONINGS EN KONSTITUERING

Geen verdere verskonings van lede wat nie die vergadering kan bywoon word uit die vergadering ontvang nie en die Voorsitter verklaar hierna die vergadering as behoorlik gekonstitueer.

FINANSIëLE VERSLAG

Mnr Frans Weilbach is aan die woord en finansiële state van die Watergebruikersvereniging word in detail bespreek.

Mnr Weilbach verduidelik dat die netto surplus oorgedra word na die reserwe fonds vir die voorsiening vir toekomstige vervanging van dele van die nou ouer wordende skema. Mnr Weilbach beklemtoon die feit dat die Vereniging geen eksterne skuld het nie.
Die uitgawes is effens meer maar so ook die inkomste. Daar was ook nie begroot om ‘n wins te maak nie.

Die finansiële posisie van die drie subdistrikte word voorgehou en ook in afsonderlike detail bespreek.

Die inkomstestate van die Vereniging word bespreek en vergelyk met die state van die vorige finansiële jaar. Die grootste uitgawes is waterkoste, personeel en elektrisiteit. Die uitgawes van die Vereniging word grafies aan die vergadering gewys en toon dat die verhouding van die uitgawes nie veel verander het oor die afgelope paar jaar nie.

Die gesamentlike balansstaat van die Vereniging word vervolgens bespreek en die verhouding tussen bates en laste van die Vereniging is baie sterk en gesond.

Die balansstate van die onderskeie subdistrikte word ook breedvoerig bespreek en aan die vergadering verduidelik. Daar word genoem dat die uitstaande debiteure onder beheer is en dat daar verder ‘n groot kontant bedrag beskikbaar is vir enige onvoorsiene gebeurlikhede.

Mnr Weilbach noem dat die oudit afgehandel is en 'n paar voorstelle met die bestuur bespreek is. ‘n Skoon oudit word aan die vergadering verklaar. Hy noem verder dat die samewerking gedurende die oudit proses soos altyd ongelooflik goed was. Die state soos voorgehou aan die vergadering word so aanvaar en gesekondeer. (Volledige finansiële verslae beskikbaar op www.wynlandwater.co.za).

Mnr Piet Carinus bedank PwC en die span vir hul werk en diens gedurende die afgelope jaar.

DRAFT

VOORSITTERSVERSLAG

Mnr. Carinus is volgende aan die woord en lewer sy verslag.

Die afgelope jaar was vol uitdagings soos almal terdeë bewus sal wees.

Die Covid 19 inperkings is beeindig en die alledaagse lewe het na ‘n nuwe normaal terug gekeer. Die lokale en internasionale markte het stelselmatig weer tekens van herstel begin toon. Ons dink spesifiek aan die drank en toerisme sektor wat hard getref is gedurende hierdie tydperk en dit is twee bedrywe wat ‘n groot rol speel in ons area se ekonomie.

Die Rusland en Oekraine konflik het gelei tot rekord prysvlakke vir brandstof en kunsmis wat elkeen van ons direk raak en nog verdere druk plaas op die stygende inset koste.

Die huidige seisoen se reënval is ook rede tot kommer. Ons ervaar ‘n relatiewe droeë lente en somer tot dusver. Stellenbosch se gemiddelde reënval oor die laaste 20 jaar is 690mm. Laasjaar het ons goeie reën gehad met 730mm wat gemeet is. Vanjaar staan ons egter nog net op 490mm en die jaar is amper verby.

Die effek van die laer reënval kan ook gesien word in die Weskaap se damvlakke wat huidiglik staan op 62% teenoor 81% dieselfde tyd verlede jaar. Theewaterskloof, wat ‘n direkte invloed op ons almal het, se vlak is tans 71% teenoor 99% verlede jaar hierdie tyd.

Nieteenstaande die onder gemiddelde reënval die afgelope jaar gaan daar geen beperkings op die water kwotas wees vir die komende seisoen nie. Almal gaan hulle volle kwota water ontvang.

Dit is verblywend maar ‘n groter probleem is alhoewel water beskikbaar is kan dit nie altyd gebruik word nie as gevolg van beurtkrag. Dit blyk dat dit vir ‘n redelike tyd nog deel van ons probleme gaan wees. Dit is ‘n reuse probleem met boere wat nie kan besproei soos nodig nie. Die steenvrug, tafeldruif en bloubessie seisoen is aan die gang en die pakhuise wat nie kragopwekkers het nie se paklyne kan nie loop nie en die koelkamers kan nie optimale temperature handhaaf nie. Die koue ketting is geweldig belangrik ten opsigte van kwaliteit en die hou vermoë van die vrugte, veral gegewe moontlikke vertragings in die hawe.

Die wyndruif oes is om die draai en as die kelders nie kan afmaal nie kan dit ly tot lang rye voertuie wat wil aflaai en die vertragings veroorsaak dan dat die daaglikse kelders kapisiteit nie optimaal benut kan word nie. Verkoeling is ook hier ‘n groot faktor. Ons hoop die situasie verbeter gou en dat fase 5 en 6 vinnig iets van die verlede sal wees.

Baie dankie aan Quinton en sy span wat die skema so effektief en doeltreffend bestuur, dit is net ‘n plesier om met so ’n span te kan saamwerk.

Ek wil graag vir almal ‘n voorspoedige kerstyd toe wens en dat die wat bietjie op vakansie gaan moet dit geniet en veilig reis.

Departement van Water en Sanitasie

Die voorsitter stel Mnr. Derril Daniels van die Departement van Water en Sanitasie aan die woord.

Mnr. Daniels deel die beoogde tarief verhogings met die vergadering. ‘n Verhoging van 2.7 sent vir Landbou en 5.7 sent per kubieke meter vir Nywerheid onderskeidelik word verwag. Landbou het tydens die besprekings rondom die tarief verhogings voorgestel dat die verhoging beperk word. Hy noem dat die verskil in tariewe bestaan as gevolg van vroeëre wetgewing waarin Landbou gesubsidieer was en noem dat die tariewe in die toekoms meer in lyn gebring gaan word.

Daar sal geen beperkings in water kwotas vir die jaar wees nie aangesien die damvlakke in die area nog redelik goed lyk.
Wat die validasie en verifieering (V&V) proses betref is dit omtrent 80% klaar en daar word beoog om die proses vroeg in die komende jaar af te handel.

Mnr. Daniels gee ‘n kort verduidelikig van die verskillende tipe magtigings vir wettige water gebruik wat insluit Skedule 1, Algemene magtiging en Artikel 33 & 35 bestaande wettige gebruik.

Hy noem verder dat daar ope dae gehou gaan word waar die bevindinge van die V&V proses aan die lede uitgedeel gaan word en waar hulle dan ook die geleentheid gebied sal word om die bevindinge te bevraagteken en regstellings te laat aanbring.

Die rekeninge wat sommige lede ontvang het is vir watergebruik wat nie voorheen geregistreer was nie of daar waar dalk te min geregistreer was en ‘n aanpassing aan die hoeveelhede aangebring is.
Rekeninge word terugwerkend vanaf 2002 gehef toe die waterbron bestuurs vorderings ‘n aanvang geneem het.
Persone wat ook gekontak kan word vir meer inligting in die verband is Annalize Moses en Jeptha Deugald.

Mnr. Daniels bedank die Vereniging en sy lede vir hul samewerking en wens almal ‘n geseënde 2023 toe.

VERKIESING VAN BESTUUR

Mnr. Paul Joubert word verkies om die Stellenbosch Munisipaliteit te verteenwoordig.

AFSLUITING

Mnr. Piet Carinus bedank almal vir hul belangstelling en teenwoordigheid en in besonder vir Mnr. Jan Coetzee wat ook die vergaderig bygewoon het.
Hierna verdaag die vergadering.

DRAFT

DRAFT